NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

SEPTEMBER 2010

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TWEEDE VRAESTEL

TYD : 2 UUR
PUNTE : 70

BENODIGDHEDE:
Antwoordeboeke

# GRAAD 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL TWEEDE VRAESTEL

## SEPTEMBER 2010

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 18 BLADSYE

*Kopiereg voorbehou*

b.o.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings en **AGT** vrae:

   **AFDELING A:** GEDIGTE (35)
   **AFDELING B:** DRAMA (35)
   **AFDELING C:** KORTVERHALE (35)

2. **AFDELING A** bestaan uit **VIER VRAE** waarvan **TWEE VERPLIGTEND** is.

   **AFDELING B** en **AFDELING C** is **keusevrae:**
   Beantwoord **óf AFDELING B óf AFDELING C.**

   As jy **AFDELING B** doen, beantwoord jy **óf VRAAG 5 óf VRAAG 6.**

   **OF**

   As jy **AFDELING C** doen, beantwoord jy **óf VRAAG 7 óf VRAAG 8.**

3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie.
   - Raadpleeg die **inhoudsopgawe** op die volgende bladsy.
   - Merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het.
   - Lees hierna slegs die vrae oor die tekste wat jy gedoen het.
   - Kies die tipe vraag wat jy gedoen het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Wanneer vier moontlike opsies vir 'n vraag gegee word, kies die antwoord en skryf slegs EEN van die letters (A/B/C/D) langs die vraagnommer neer.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A:** GEDIGTE - VERPLIGTEND.
Beantwoord die vrae oor ENIGE TWEE van die volgende gedigte:

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 1:** Wetenskapmannetjies | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

**OF**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 2:** 'n Klein beriggie | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

**OF**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 3:** e-sonnet | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

**OF**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 4:** My siel, Pa | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

**AFDELING B:** DRAMA - Keusevraag
Beantwoord **ENIGE EEN** van die volgende vrae:

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 5:** Poppie, die drama | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 6:** Poppie, die drama | Opstelvraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING C:** KORTVERHALE - Keusevraag
Beantwoord **ENIGE EEN** van die volgende vrae:

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 7:** Kortverhale | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 8:** Kortverhale | Opstelvraag | 35 punte |

## AFDELING A: POËSIE (VERPLIGTEND)


### VERSJOERNAAL – NUWE BENADERING TOT POËSIE - L MALAN

Hierdie afdeling bestaan uit **VIER** vrae waarvan jy **TWEE** moet doen.

### VRAAG 1

**WETENSKAPMANNETJIES - Antjie Krog**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.



Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

Daarom liewe menere teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.

Uit: *Dogter van Jefta*, 1970

1.1 Watter **enkele** woord sê vir ons dat die son baie ver van die aarde af is? (1)

1.2 Wat voorspel die wetenskaplikes oor die son? (1)

1.3 Hoekom praat die digter van wetenskapmannetjies en nie van weten<u>skaplikes</u> nie? (2½)

1.4 **Haal 'n gedeelte van 'n reël aan** wat vir ons sê dat die skryfster nie baie omgee vir die vak wetenskap nie. (1)

1.5 Watter **enkele** woord vertel die leser dat dié skryfster die natuur bo die syfers verkies? (1)

1.6

1.6.1 Wat word bedoel met die son wat bloei? (1)

1.6.2 Wat noem ons hierdie manier van skryf? Kies die regte antwoord:

A. Metafoor
B. Kontras
C. Paradoks
D. Personifikasie (1)

1.7 Gee 'n verklaring vir die volgende reëls:
"*en kyk hoe die son sy kop stamp*
*teen die rant*" (2)

1.8 Die digteres neem die natuur op minstens twee maniere sintuiglik waar. Toon aan op watter wyses, met 'n voorbeeld van elk. (4)

1.9 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is en motiveer jou antwoord:

**Volgens die skryfster is wetenskaplikes manlik.** (2)

1.10 Na watter wiskundige term verwys die skryfster? (1)
**[17½]**

## VRAAG 2

**'N KLEIN BERIGGIE - Oliphant Vincent**

op 'n dag het hy sy werk verloor
en toe jy weer hoor
kom vat hulle sy motors meubels huis
hulle het alles kom eis
ook sy laaste bietjie hoop

maar hy't sy skoene deurgeloop -
en hom teen mismoed verset
hy wéét mos wat hy in hom het

toe kom die laaste strooi
hy kry haar in 'n ander man se kooi

nou wil ek sy verhaal voltooi
anders bly 'n storie van ons tyd verbloem
agter dit wat 'n klein beriggie noem

dat hy dood gekry is in sy eie bloed
geen misdaad word vermoed

Uit: *Die sagte vlees,* 1998

2.1 Watter **TWEE** gebeure het bygedra tot die man se mismoedigheid? (2)

2.2 Wie is die "jy" in reël 2? (1)

2.3 Wat, behalwe sy eiendom, het die skuldeisers nog van die man geëis? (1)

2.4 Die man het moeite gedoen om werk te soek.

2.4.1 Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? (1)
2.4.2 **Motiveer** jou antwoord deur 'n reël uit die gedig aan te haal. (1)

2.5 Wat het die man finaal laat knak? (1)

2.6

2.6.1 Hoe weet ons dat hierdie gebeurtenis die skrywer diep geraak het? (2)
2.6.2 Lig jou antwoord toe met 'n aanhaling uit die gedig. (½)

2.7

2.7.1 Wat doen die man as alles verkeerd loop? (1)
2.7.2 **Motiveer** jou antwoord deur 'n gepaste reël aan te haal. (1)

2.8 Uit watter **TWEE** woorde in die titel kan ons aflei dat die gebeurtenis onbelangrik is? (2)

b.o.

2.9 Het jy simpatie met die man in die gedig? **Motiveer** jou standpunt. (1)

2.10 Kies 'n sinsdeel uit **KOLOM B** om by die sinsdeel in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (2.10.1 – 2.10.3) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | Leestekens word nie gebruik nie, omdat ... | A. | die man vroeër finansieel sterk was. |
| 2.10.2 | Motors, meubels, huis wys vir ons dat ... | B. | hy het geweet wat hy in hom het. |
| 2.10.3 | Voor die tragedie het die man vertroue in homself gehad, want ... | C. | dit pas by die eenvoud van die gedig. |

(3)
**[17½]**

**VRAAG 3**

**E-SONNET - Susan Smith**

met skuifspeld ponser en kram
kon ek tevore – soos dit hoort –
op papier netjies elke woord
orden volgens plan

nou wag iewers in die ruimte
my posbus
gedot & gekom
slaggereed op besoekers van buite

langsamerhand vind ek egter
die e-verhouding al hegter
dat ek met elke klik
en dubbelklik
my lewe al meer
na die eenoog-despoot se buie skik



3.1 Wat beteken die "e" voor e-sonnet? (1)

3.2 Watter **enkele** woord beskryf die voorwerp waarmee 'n persoon gaatjies kan druk? (1)

3.3 Waarna verwys "gedot & gekom"? (1)

3.4

3.4.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.
3.4.2 **Motiveer** jou antwoord met 'n aanhaling van drie opeenvolgende woorde.

**Die skryfster was goed georganiseerd** (2)

b.o.

3.5 Watter **drie opeenvolgende woorde** verwys na intekenaars op die internet? (1)

3.6 Watter **twee afsonderlike woorde** dui daarop dat die skryfster met 'n rekenaar werk? (2)

3.7 Die digteres praat van die rekenaar as 'n "... eenoog-despoot".

3.7.1 "eenoog-despoot" is 'n voorbeeld van ...

A. personifikasie.
B. metafoor.
C. vergelyking.
D. kontras. (1)

3.7.2 As die rekenaar, volgens die skryfster, 'n eenoog-despoot is, waarna sou die "eenoog" dan verwys? (1½)

3.8 Watter **enkele** woord verduidelik vir ons dat die rekenaar baie vinnig is? (1)

3.9 Wat is die funksie van die paarrym in versreël 9 – 12? (1)

3.10 **Haal die reël aan** wat sê dat die skryfster al hoe meer afhanklik raak van die rekenaar. (1)

3.11 Hoekom is die titel gepas vir die inhoud van die gedig? (2)

3.12 Verklaar die laaste reël van die gedig binne die konteks van die inhoud. (2)
**[17½]**

**OF**

## VRAAG 4

**MY SIEL, PA - Marie van Rensburg**

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar net Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

4.1 Watter **enkele** woord in strofe 1 sê vir ons dat die leerling die beste presteerder in die skool was? (½)

4.2 **Haal 'n reël uit strofe 1** aan wat vir ons aandui dat daar voortdurend druk op die seun geplaas word. (1)

4.3 Kies die korrekte antwoord:
'n Achilleshiel is 'n ...

A. swakpunt.
B. naam.
C. berg.
D. toekenning. (1)

4.4 Die seun was/is 'n goeie atleet.

4.4.1 Sê of die stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)
4.4.2 **Motiveer** jou antwoord met die aanhaling van een versreël uit die gedig. (1)

4.5

4.5.1 Hoe vergelyk die seun se prestasies met dié van sy pa in strofe 3?
4.5.2 **Gee 'n rede** vir jou antwoord. (2)

4.6 Die seun het op verskeie gebiede prestasies behaal. Noem **drie** gebiede. (3)

4.7 Sê in jou **eie woorde** wat met 'n "turksvy-kind" bedoel word. (1)

4.8 Die seun voel sy pa neem sy hele lewe oor.

4.8.1 **Stem jy saam** met die stelling? (1)
4.8.2 **Motiveer** jou antwoord met **ses** agtereenvolgende woorde. (1)

4.9 In watter vorm kommunikeer die jong seun met sy pa? (1)

4.10 Waarom dink jy word die laaste twee versreëls van strofe 1 telkens aan die einde van die daaropvolgende strofes herhaal? (1)

4.11 Waarom behoort jy vir die seun jammer te wees? (1)

4.12 Wat dink jy is die **boodskap** in die gedig? (2)
**[17½]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**DOEN ÓF AFDELING B - POPPIE : DIE DRAMA**
**ÓF**
**AFDELING C - KORTVERHALE**

## AFDELING B : POPPIE : DIE DRAMA - E Joubert

**In hierdie afdeling kan jy ó͟f VRAAG 5 ó͟f VRAAG 6 doen.**

### VRAAG 5 - KONTEKSTUELE VRAE

5.1 In watter jaar is Poppie gebore? (1)

5.2 Op watter ouderdom het Poppie die skool verlaat? (1)

5.3 Poppie, die drama, vertel die leser dat sy baie geswerf het. Pas nou die bestemmings (plekke) soos Poppie geswerf het in **KOLOM B** by die redes in **KOLOM A**. Skryf slegs die **nommer** en die **letter** neer, byv. 5.3.8 H.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 5.3.1 | Poppie se geboorte | A. | Herschel |
| 5.3.2 | Werk in die visfabriek | B. | Mdantsane |
| 5.3.3 | Gedwonge verskuiwings | C. | Lambertsbaai |
| 5.3.4 | Kuier vir skoonmense | D. | Nyanga |
| 5.3.5 | Poppie moet hier bly | E. | Gordonia/Upington |

(5)

b.o.

5.4 Name.

5.4.1 Wie was Poppie se ma? Kies die korrekte antwoord:

A. Hannie
B. Lena
C. Pengi
D. Hoedjie (1)

5.4.2 Noem Poppie se **twee** Engelse name. (2)

5.4.3 Noem Poppie se Xhosa-naam en verduidelik wat dit beteken. (2)

5.4.4 Waarom is die betekenis van Poppie se Xhosa-naam gepas teen die agtergrond van die drama? Verduidelik kortliks deur na AL die belangrike vroue uit wie se stam Poppie gebore is, te verwys en te motiveer. (6)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

STONE (*plaas sy arm om haar skouers*): Toe kom die ding dat hulle nou vir ons sê, ons moet nou gaan waarnatoe ons wil, maar ons Xhosa-mense moet net weg uit Lambertsbaai uit.
JAKKIE: Die mense was baie ontevrede.
MOSIE (*spring driftig op, loop heen en weer, beweeg na Stone en Poppie*): Ek gaan nie hierso weg nie. Ek het hier grootgeraak ... ek werk by die garage en ek leer by die Union College. Bhuti Mbatane het twaalf jaar in Lambertsbaai gewerk en voor dié tyd in Lüderitzbucht. Waarnatoe moet hy nou gaan?
POPPIE (*aan Mama*): En Ouma ... en my kindjie se graftes? Wie sal vir hulle versorg?
MAMA: Waar gaan ons huis kry? (*Ad lib.*)

5.5 Benewens dat Stone "netjies, met 'n mooi lyfie was wat smart aangetrek het", het Poppie lief geword vir hom en met hom getrou om 'n ander rede. Wat was hierdie rede? (1)

5.6 Na wie verwys Stone as hy praat van "hulle"? (1)

5.7 Waarom moes Poppie en haar familie uit Lambertsbaai wegtrek? (1)

5.8 "Die mense was baie ontevrede." Hierdie woorde van Jakkie het hom aan die einde van die drama probleme besorg. **Verduidelik kortliks**, maar volledig. (3)

5.9 Waar het Poppie-hulle direk hierna 'n huis gekry? (1)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

MRS. RETIEF: 'n Vierde kind? Dis nie so erg nie, Poppie. Hoe oud is jy nou?
POPPIE: Ses-en-twintig.
MRS. RETIEF: Nou ja, moenie moed verloor nie. Elke bybie kom van die Here.
POPPIE: As jy haar aankyk, sou jy dink Mrs. Retief is 'n kwaai vrou. Sy't so 'n lang gesig en haar stem is heserig soos 'n man s'n. Maar sy's 'n gelowige vrou.
MRS. RETIEF: As die Here 'n mondjie stuur, sal Hy ook die korsie brood saamstuur.
PLANK: Mrs. Retief het haar gehelp met die pas. Een keer, toe haar extension verstreke was en Mr. Strydom sê hy verleng dit nie weer nie, het sy Bellville toe gegaan met die bus, na Mrs. Retief se huis. Mrs. Retief het siek in die bed gelê, maar toe Poppie met haar praat, het sy opgestaan en kantoor toe gebel om die extension te gee. Sy't vir Poppie werk gekry in Bellville, maar Poppie kon dit nie vat nie.
MRS. RETIEF: Maar hoekom nie, Poppie?
POPPIE: Hulle wil my net drie pond in die maand betaal!
MRS. RETIEF (*draai weg*): Heerre! Die Here help ons! (*Sy draai weer na Poppie*). Hou maar moed, Poppie, ons soek vir jou iets anders.

5.10 Mrs. Retief was Poppie se werkgewer in Constantia.

5.10.1 Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? (1)
5.10.2 **Motiveer** jou antwoord. (1)

5.11 Hoeveel kinders het Poppie gehad? (1)

5.12 Wat word bedoel met die "extension" waarna Plank verwys? (1)

5.13 Mr. Strydom wou nie met Poppie se pas help nie, maar Mrs. Retief het, terwyl sy siek in die bed was, opgestaan, kantoor toe gegaan en Poppie gehelp.

Hoe kan ons dit verklaar? Kies **twee** geskikte redes. (3)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

> POPPIE (*herwin haar krag*): Gaan dit goed met ons Mama en met Baby?
> HOEDJIE: Hulle is nie seergemaak nie, maar hulle is van 'n kant af gevloek, sê Baby. Dit was voorlat hulle gehoor het Jakkie is oor die grens. Toe't hulle vir Mama en Baby laat loop.
> MOSIE: Hulle sal jou kinders ook laat loop. Sodra hulle sien like die die kinders het nie verstand van hierdie goete nie.
> POPPIE: Die kinders sal moet sien lat hulle regkom. Oor alles het ek gekom, maar nou het ek geleer, hieroor kan ek nie kom nie. Want dis nou uit my hande uit geneem, dis nou oorgegee in my kinders se hande. Dis nou my kinders wat voortgaan. Vrede sal daar nie kom nie. Selfs dié wat vrede wil hê, word ingesleep in die moeilikheid. Daaraan sal ons maar gewoond moet word. Daaraan kan ons niks doen nie.

5.14 Waarom is Mama en Baby gevloek? (2)

5.15 Wat het Poppie in haar kinders se hande oorgegee? (1)
**[35]**

**OF**

**VRAAG 6 : OPSTELVRAAG**

**POPPIE - DIE DRAMA - Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**Doen <u>óf</u> VRAAG 6.1 <u>óf</u> VRAAG 6.2.**

6.1 Skryf 'n **OPSTEL** (250 – 300 woorde) waarin jy Poppie as hoofkarakter bespreek. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Fokus veral op die volgende aspekte:
- Haar agtergrond.
- Haar persoonlikheidseienskappe binne verskillende situasies.
- Emosies wat sy ervaar en uitgeleef het.
- Haar omstandighede en haar hantering daarvan.
- 'n Samevattende (opsommende) kritiese opinie oor Poppie. **[35]**

**OF**

6.2 6.2.1 Die tema is die lewenswaarheid of boodskap wat in 'n drama voorkom. Alhoewel die temas in Poppie - die drama meer spesifiek vir Poppie bedoel is, kan dit universeel wees. Skryf 'n **OPSTEL** (200 – 250 woorde) waarin jy duidelikheid gee aan die volgende temas in Poppie. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

- Alle mense het basies dieselfde menslike behoeftes.
- Moederliefde.
- Die vernietiging van die gesinslewe deur onmenslike wette.
- Die mens se vasberadenheid om te oorleef ten spyte van wat met hulle gebeur.
- Kinders se respek vir volwassenes verminder.
- Jongmense speel 'n belangrike rol in opstande teen onderdrukking en lei stakings en opstande. **[20]**

**EN**

6.2.2 Verduidelik **kortliks** (120 – 150 woorde) hoe die Soweto-opstand van 1976 Poppie-hulle se lewens beïnvloed het. Neem die volgende in ag:

- Redes vir die Soweto-opstand.
- Jakkie se rol.
- Die uiteindelike invloed op Poppie en haar familie. **[15]**

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C

**KORTVERHALE - STORIEJOERNAAL**

**Beantwoord óf VRAAG 7 (kontekstuele vrae) óf VRAAG 8 (opstelvraag).**

**VRAAG 7 : Kontekstuele vrae - Storiejoernaal**

**VIOLETTA - Ria Smuts**

7.1 Pas die beskrywings in **KOLOM B** by die regte karakters in **KOLOM A**. Skryf slegs die **nommer** en die **letter** neer, byv. 7.1.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.1.1 | Sannie Booysen | A. | Geheim skok haar. Pa is 'n dominee. |
| 7.1.2 | Hester | B. | Ken 'n geheim. |
| 7.1.3 | Verteller | C. | Sannie se sussie en is in Gr. 9. |
| 7.1.4 | Anneke | D. | Weet nie wat vry beteken nie, want sy het net 'n jonger boetie. |
| 7.1.5 | Ina | E. | Soek in die woordeboek op wat vry beteken. |

(5)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

> Sy kuier nie dikwels by ander mense nie. Sy woon nie bidure en Pinksterdienste by nie, maar elke Sondagoggend gaan sy kerk toe en sy bak Apfelstrudel vir die stoepverkopings van die vrouevereniging. In haar boekrak is baie boeke en jy kan haar slaapkamerlig saans laat nog sien brand. Meneer Steyn se kar staan soms voor haar deur.

7.2 Watter ander aspek van juffrou Adler, behalwe dat sy Duits praat en haar van Adler is, sê vir ons eintlik dat sy Duits is? (1)

7.3 Is juffrou Adler godsdienstig?

7.3.1 Sê **Ja** of **Nee**. (1)
7.3.2 **Motiveer** jou antwoord. (1)

7.4 Waarom dink jy staan meneer Steyn se motor soms voor juffrou Adler se deur? (2)

7.5 Alhoewel juffrou Adler vyandig behandel is deur die gemeenskap, het sy nog steeds 'n bydrae gemaak. Watter bydrae het sy gemaak? (2)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

> Vanoggend kry ek 'n groot koevert in die pos. Brief van Hester. Sy skryf: "Juffrou Adler is dood. Stilweg in haar slaap. Ben het die testament hanteer en die koevert waarin dit was vir my gegee. Snaaks hoe dit 'n mens raak om na al die jare weer haar handskrif te sien. Daarom het ek gedink ek stuur dit vir jou. Eienaardige testament: alles aan liefdadigheid bemaak, maar met die uitdruklike stipulasie dat geen sent hier op ons dorp bestee mag word nie. Sy het selfs die presiese grens bepaal: nie binne 'n radius van vyftig kilometer, gemeet van die hoërskool af nie."
> Die koevert is effens vergeel. Verbeel ek my dat ek viooltjies ruik? Die handskrif is onmiskenbaar hare. In blokletters staan daar: TESTAMENT VAN VIOLETTA ADLER.
> Daarna volg 'n oop spasie.
> En daaronder het sy 'n ferm, netjiese streep getrek. Met 'n liniaal.

7.6

7.6.1 Waarom is die verteller met die koevert waarin juffrou Adler se testament was, toevertrou? (2)
7.6.2 Waaruit **kan jy aflei** dat die verteller juffrou Adler nog goed kan onthou? (2)

7.7 **Verklaar** in een sin waarom juffrou Adler se geld aan liefdadigheid nie binne 'n radius van 50 kilometer gemeet van die hoërskool gespandeer moes word nie. (1)

7.8 Teen die einde van die verhaal lees ons dat meneer Steyn nooit bevordering gekry het nie. Hoekom dink jý het hy nooit bevordering gekry nie? (2)

**[19]**










7.9 Wie is die hoofkarakter in die verhaal? (1)

7.10 Gee 'n **kort beskrywing** van die hoofkarakter. (2)

7.11 Waarvoor sou die geld aangewend word waaroor die gemeenskap so baie gekoukus het? (1)

b.o.

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

> Tweedehandse oliedromme, pale, spykers wat nie te krom was nie, draad, seil en sakke sement is bymekaargemaak deur lede van Slovoville se gemeenskap vir die bou van ons skool. Party van die materiaal het ons bymekaargemaak waar die mense in die steenhuise hulle rommel gestort het – die ryk mense in die baksteen-huisie wat ons "plakkers" noem. Die meeste van die swaar boumateriaal is na die bouplek vervoer in Jeremiah Vimbi se ou trok.

7.12 'n Trok is 'n ... Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en die korrekte letter neer.

7.12.1 fiets.
7.12.2 vragmotor.
7.12.3 bus.
7.12.4 vliegtuig. (1)

7.13 Watter bydrae het die gemeenskap gelewer vir die bou van die skool? (1)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

> Met die blitsige beweging van 'n koperkapel spoeg Oupa in sy palms, vryf hulle teenmekaar en vang die pik voor dit op sy kop land. Nog 'n keer tol hy die werktuig in die lug op en strek al twee hande uit om die vallende pik se staalpunt vas te gryp.
> Die vrouens antwoord met 'n skril gejuig terwyl die mans fluit van pure ontsag vir sulke formidabele ratsheid en krag in iemand wat so oud is.

7.14 Op watter **twee maniere** het die mense gewys dat hulle baie respek het vir oupa? (2)

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

> Die mans laat hulle gereedskap net daar lê nadat hulle hul sweterige lywe in die kruiwaens gewas het, want Jeremiah Vimbi, trokdrywer en afgetrede nagwag, het aangebied om snags wag te staan.
> Hy kom aan net toe almal op pad huis toe is. Hy het 'n oorgroot helmet op met 'n band onder die ken, en 'n bruin jas aan. Nes die een wat Oupa gesê het hy gekry het ná die oorlog met Hitler.
> Die werksmanne kry hul koers. Jeremiah Vimbi bly agter op die toneel van die skoolgebou in wording, met 'n knuppel onder die arm en 'n fluitjie wat aan 'n tou om sy nek hang. Bors uit. Maag in. Boude uit. Links, regs, links, regs ...
> Die volgende oggend het die werksmanne hom met arms en bene oopgespalk op die stowwerige grond gevind, die silwer fluitjie nog in sy mond, en 'n steekwond in sy bors.
> Die manne se gereedskap was weg.

7.15 Die werksmanne het soveel vertroue in Jeremiah gehad dat hulle hom alleen laat wagstaan het.

7.15.1 Sê of die stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.
7.15.2 **Motiveer** jou antwoord in jou **eie woorde**. (2)

7.16 Het Jeremiah enige vorm van militêre opleiding gehad?

7.16.1 Sê **Ja** of **Nee**. (1)
7.16.2 Verduidelik waarom jy so sê. (1)

7.17

7.17.1 Hoe het Jeremiah aan sy einde gekom? (1)
7.17.2 Motiveer jou antwoord met **vier opeenvolgende woorde**. (1)

7.18 Waarom dink jy bestaan die laaste paragraaf net uit EEN sin? (2)
**[16]**
**[35]**

**OF**

**VRAAG 8 - OPSTELVRAAG**

**VIOLETTA - Ria Smuts**

8.1

8.1.1 Skryf 'n **opstel** van ongeveer 200 – 250 woorde waarin jy die verteller ("ek") se betrokkenheid en houding teenoor juffrou Adler bespreek.

Fokus veral op die volgende aspekte:
- Sannie se geheim en die verteller se reaksies (dink aan die verteller se ma en Trooi).
- Haar ouers se hantering van skinderstories en die van Zyls.
- Haar siening van juffrou Adler en direkte betrokkenheid by juffrou Adler se huis.
- Die verteller en die einde van die verhaal. **[20]**

**EN**

8.1.2 Verduidelik in 'n kort **opstel** van ongeveer 120 – 150 woorde die effek wat die opera LA TRAVIATA in die skoolsaal gehad het.

Neem die volgende aspekte in ag:
- Die ooreenkomste en verskille tussen die opera en die verhouding tussen die twee onderwysers.
- Die reaksie in die saal.
- Die nuwe musiekonderwyseres – opsetlik of nie. **[15]**

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**